# Straatfotografie ‘n ongeslypte skat

Die Vanderbijlparkse Fotografiese Vereniging, tuiste van aktiewe amateur-fotograwe, het onlangs sy klubaand met die tema “Straatfotografie” gehou.

Straatfotografie het die afgelope tyd in gewildheid toegeneem en die klublede het puik foto’s ingeskryf. In die senior-afdeling (4, 5 Ster en hoër) is Elsa Brits (5-Ster) se ***Blokkiesbaadjie*** as die wenfoto en algehele wenfoto in hierdie afdeling aangewys.

In die junior-afdeling (1 tot 3 Ster) is 1 Ster-fotograaf, Thys Foord (Vaalweekblad se senior bestuurder) se ***Gone Fishing*** die wenfoto.

In die monochroom-afdeling het Suzy de Beer (5 Ster-fotograaf) se ***Croc portret*** met die louere weggestap. Suzy het ook in die visuele-kunsafdeling koning gekraai met ***Water Painting***. In die junior-afdeling van hierdie afdeling is Jaco Kloppers (3 Ster) se ***Gedig Gesig*** die wenner, asook die algehele wenner van dié afdeling.

In die senior ope-afdeling waar enige foto vertoon mag word en kompetisie altyd straf is, is klubvoorsitter Koos Fourie (Meester Silwer-fotograaf) se ***Luiperd op tak*** die wenfoto. Koos se foto is ook as die algehele wenfoto van die aand aangewys.

In die junior ope-afdeling is Susan Jacobs (2 Ster) se ***Blue bird and princess Florine*** as die wenfoto aangewys.

Lede kan ook aan ‘n aanlynkompetisie deelneem. In hierdie afdeling is Renee Storme (Meester Brons-fotograaf) se pragtige ***Dreams are made*** die wenfoto.

Al die aanlyn-inskrywings kan op die klub se webblad http://www.vdbp-photo.org/ gesien word. Die klub kom maandeliks byeen op die kampus van die Noordwes-Universiteit in die Sentrum vir Telematiese Leer, Samancor-ouditorium, Vanderbijlpark.

Klubaande is elke derde Vrydagaand van elke maand om 18:30.

Die volgende klubbyeenkoms is op 17 Mei en die maandonderwerp is *“Nagfotografie”*.

Alle belangstellendes is welkom.


Kontak Johan Brits by 082 718 8394 of tsawa@yebo.co.za

Besoek ook ons Facebookblad by https://www.facebook.com/VdbpPhotoClub waar daar gereeld interessante wenke en foto’s opgelaai word.

Interessante foto’s en inligting kan ook op www.pssa.co.za gevind word.




Elsa Brits se straatfotografie-wenfoto.


Jaco Kloppers se "Gedig Gesig".


Suzy de Beer (5 Ster-fotograaf) se *Croc portret*


Renee Storme se “Dreams are made”


**Koos Fourie (Meester Silwer-fotograaf) se *Luiperd op tak* die wenfoto. Koos se foto is ook as die algehele wenfoto van die aand aangewys.**